

Referral letter from Mrs Henna de Beer's family members:

HAUTE CARE – FRAILCARE FACILITY – PRETORIA

Ons ma is sedert November 2019 by Haute Care verswakte Afdeling in Prestige Park Aftree oord.

Vanaf die eerste dag daar is daar besondere aandag aan haar gegee, om haar tuis te laat voel.

By hierdie versorgingseenheid is 'n WhatsApp groep gestig waarop die familie vrae kan vra ivm die behandeling, vordering, aanpassing en eetgewoontes van ons ma. Daar word elke keer dadelik terugvoer gegee. Hierop word ook gereeld fotos geplaas van haar.

Wanneer daar oor iets onsekerheid is, soos bv Medikasie, is die familie gekontak en insette is gevra. Daar is ook ekstra moeite gedoen om seker te maak 'n dokter besoek haar gereeld, sodat die regte medisyne voorgeskryf word.

So ook was spesiale reelings getref dat 'n Gehoorkundige/Oudioloog na haar kom in die verswakte Afdeling, om haar gehoor te toets en is 'n nuwe gehoorstuk vir haar gemaak.

Die Personeel self het haar op hul hande gedra, naels is versorg, selfs naellak is opgeverf. Elke ete is haar kos opgesny en is daar gehelp dat sy kan eet. Die kok het ook seker gemaak dat kos met haar akkordeer en dat die dieet reg is vir haar. Sy het aanpassings gemaak wanneer daar bv 'n ongesteldheid was, en die etes daarvolgens aangepas.

Die Verpleegpersoneel doen moeite om haar goed te versorg. Daar word ten minste elke uur by haar ingeloer om te kyk of sy iets kort of nodig het. Soms sit daar ook een van die Verpleegpersoneel by haar om te gesels en seker te maak sy voel nie alleen nie. Daar word seker gemaak dat sy genoeg vloeistof inneem, spesiaal water, en haar spesiale waterbottel waaruit sy maklik kan drink word gereeld aangevul.

Ons het gesukkel met bedsere op beide haar voete en op haar boud agv nalatigheid en swak versorging by 'n ander aftree oord se verswakte afdeling. Hier by Haute Care is 3 maal 'n week se behandeling gegee vir die bedsere deur sr Tamarin Frobus, met die grootste vriendelikheid en liefde. Na elke behandeling is fotos aan die familie gestuur van die vordering van die bedsere, asook 'n volledige verslag is gestuur. Daar is seker gemaak dat sy gereeld gedraai word, sodat daar nie verdere drukking op die besere is nie. Na net 3 maande was al die bedsere genees, selfs die een wat byna oop was tot op die been. Baie dankie sr Tamarin!!

Hier word nooit gekla wanneer die familie vra o haar te help om of uit die bed of terug in die bed te kom nie. Alles word dadelik gedoen met vriendelikheid.

Wanneer sy pyn het, kry sy dadelik haar medikasie. Hier word nie gewag vir 2 ure nie, en sy word dadelik gemaklik gemaak, en die nodige medikasie word gegee deur die suster in beheer.

Sr Marina Jonker doen altyd moeite om die familie te kom groet wanneer hulle kom besoek aflu, en kom gee inligting, hoe ons ma vorder en hoe dit met haar gaan. Sy vertel van watter aktiwiteite ons ma deelneem soos kaartspel.

Daaglik, wanneer die weer dit toelaat, word sy uitgestoot in 'n rolstoel, tot op die stoep, of hulle stoot haar rond op die daktuin, sodat sy al die plante en blomme van naby kan sien. Baie dankie Suster Marina.

Wanneer sy bv plante as geskenk ontvang van die familie, word dit goed versorg en seker gemaak sy kan dit altyd sien.

Die eienares/direkteur van Haute Care maak Video oproepe na elke familielid, sodat hulle met hul geliefde kan praat, en sowel dat hulle haar kan sien, en sy vir hulle.

Al haar wasgoed word gewas, en weer gebere in haar klerekas, en die word gereeld reggepak.

Gedurende spesiale dae, soos Kersfees, Paasfees, en Valentynsdag, of verjaarsdag, word spesiale moeite gedoen ten opsigte van die kos. Daar is dan versierings in gange, teen die kamerdeur en elkeen word bederf met 'n spesiale geskenk.

Die hele afdeling van Haute Care is ruim, netjies en skoon en alle nodige mediese toerusting is daar vir die goeie versorging wat hulle gee.

Haute Care is 'n geregistreerde praktyk.

- Hulle gee uitstekende wondbehandeling
- Hulle is geregistreer by Mediese Fondse
- Hulle gee ook opleiding van verpleegsters

Hulle is regtig 'n Familie wat omgee en versorging gee aan jou familielid.

Baie dankie aan Suster Renè en Suster Michelle, Eienaresse van Haute Care. Die werk en versorging is van Hoogstaande gehalte.

Groete

Die De Beer Familie, en die Roux Familie

Kontak gerus Sr Renè Lessing of Michelle Black indien u uitstekende versorging vir u ouer benodig.

Tel: 012-0230487 of 0813170084 of 0828282476